

# 7

## ABRAM

# Ooreenkoms met Abram

### ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet wat die verbond met Abram beteken.

### SPESIFIEKE DOELSTELLING

#### Kennis

Die kinders moet weet –

- wat 'n verbond is.
- dat God met Abram 'n verbond sluit en beloftes aan Abram maak.
- dat God gehoorsaamheid van Abram verwag.

#### Gesindheid

Die kinders moet –

- deel voel van God se beloftes.
- dankbaar wees vir God se beloftes.
- gehoorsaam aan God wil wees.

#### Vaardigheid

Die kinders moet –

- die feite van wat 'n verbond is, kan weergee.
- gehoorsaam aan God lewe.

### MEER INLIGTING (Genesis 12, 15 en 17)

In die Bybel lees ons dat God met Abram 'n verbond gesluit het. 'n Verbond is 'n ooreenkoms tussen twee partye of groepe waarin die een die meerdere en die ander die mindere is. In die verbondsdokument skryf elkeen wie hy of sy is, wat hy of sy gedoen het en wat hulle nou teenoor mekaar sal doen en van mekaar verwag. Dit bepaal dus die manier waarop hulle teenoor mekaar sal optree.

Dit is die Here, die meerdere, wat Abram, die mindere, roep vanuit sy blyplek tussen sy familie en hom lei na 'n nuwe land toe. God belowe aan Abram 'n groot nageslag en 'n land vir sy nageslag om in te woon. God belowe vir Abram dat Hy hom en sy nageslag sal seën. Ons noem dit die verbondsbeloftes van die meerdere aan die mindere. Die Here verander Abram se naam ook na Abraham, wat beteken *vader van baie*. Abram sou die vader van baie nasies word, daarom noem God hom nou Abraham.

God sluit dus die verbond met Abraham en sy nageslag. So glo die Israeliete tot vandag toe nog dat hulle deel het aan die verbond tussen God en Abraham, omdat hulle sy nageslag is. Die beloftes is dus vir hulle vandag nog net so waar.

Abraham moes die verbond aanvaar en God alleen aanbid. Ons noem dit die verbondsvoorwaardes. As teken dat hy die verbondsvoorwaardes aanvaar, is Abraham en sy nageslag besny. Dit was die verbondsteken en elke seun wat daarna gebore word, moes op die agtste dag die teken ontvang.

Abraham se nageslag het inderdaad 'n seën gebring vir alle geslagte van die wêreld. Jesus is gebore as 'n kind uit die nageslag van Abraham. Jesus het 'n nuwe verbond tussen God en alle mense moontlik gemaak. 'n Mens hoef nie meer uit die nageslag van Abraham, Isak en Jakob gebore te word om deel van God se volk te wees nie. Nee, as jy glo in Jesus Christus, dan is jy deel van God se volk. As jy glo dat God deur Hom die mag van die sonde en die dood gebreek het, dan sal jy ook die ewige lewe ontvang.

God wil nie hê ons moet eers iets doen of gee sodat ons sy kinders kan word nie. Hy doen self deur Jesus alles wat nodig is. Jesus, wat self ook God is, sterf aan die kruis vir ons sonde. Hy het dus ons straf in ons plek ontvang. Daarom is ons nie meer onder die mag van die sonde nie. God het Jesus ook uit die dood opgewek, sodat ons ewig kan lewe. Ons is nou God se kinders. Die Doop is die teken dat ons in God glo en aan Hom behoort. Hy gee aan ons die belofte dat net soos water ons liggaam skoonwas, so was die bloed van Jesus ons sonde weg. Elke keer as ons by 'n erediens is waar iemand gedoop word, moet ons daaraan dink.

God wil wel hê dat ons vir Hom sal dankie sê, want wanneer ons iets ontvang, sê ons mos dankie. As ons iets baie groots kry, sê ons mos sommer baie dankie! God gee ons die grootste geskenk ooit. Hy gee ons die ewige lewe. Daarom moet ons met ons hele lewe vir Hom dankie sê. Alles wat ons sê en doen, moet eintlik 'n dankie wees.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met Gesang 275: 1-3 as 'n gebed. Verduidelik aan die kinders dat Jakob, van wie in hierdie gesang gepraat word, Abraham, van wie ons vandag gaan leer, se kleinkind is.

*O God van Jakob, deur u hand  
word steeds u volk gevoed;  
U het weleer op see en land  
ons vadere behoed.*

*Ons dank- en smeekgebede gaan  
tot u genadetroon;  
wil ons en ook ons kroos voortaan  
u guns en trou betoon!*

*Berei vir ons die lewenspad –  
wil deur u Gees ons lei;  
en as ons val, o Vader, vat  
ons hand en staan ons by. Amen.*

## **HET HULLE ONTHOU?**

Kontroleer of hulle –

- saam met hulle ouers bejaardes in hulle eie huisgesin, omgewing of familie **deurlopend** gaan help.
- die teksvers ken.
- onderstaande feite ken.

## **TEKS**

*Moet my tog nie verwerp nou dat ek oud geword het nie... (Psalm 71: 9)*

## **FEITE**

- Noem 'n paar kenmerke van bejaardes. (Hoë ouderdom, liggaamlik swak, eensaam, het hulp nodig, oë verswak.)
- Hoe kan ons bejaardes bystaan? (Ons kan hulle besoek, help waar ons kan, en Bybel vir hulle lees.)
- Wat vrees bejaardes volgens Psalm 71? (Hulle vrees verwerping.)
- Watter behoeftes het bejaardes in die kerk? (Hulle wil graag nuus van die gemeente hoor waaraan hulle behoort. Hulle wil voel hulle is nog deel van die gemeente. Dit is 'n groot troos vir bejaardes om te weet dat die kerk hulle nie vergeet het nie. Hulle wil altyd verseker word van God se liefde.)

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Ons maak partykeer beloftes aan ander mense, familie en selfs ons ouers. Ons hou nie altyd die beloftes wat ons maak nie. Ons maak selfs beloftes om self die voordeel daaruit te trek.

Dit kan ook omgekeer wees. Ander mense maak beloftes aan ons. Die beloftes word partykeer ook nie nagekom nie. Ons begin vertrou in so 'n persoon verloor.

In die Bybel het God ook beloftes gemaak. Anders as ons sondige mense, hou God die beloftes wat Hy maak. Ons leer van die beloftes wat God aan Abram gemaak het. God belowe aan Abram 'n groot nageslag en 'n land vir sy nageslag om in te woon. God belowe ook dat Hy sy nageslag sal seën. Dit word die verbondsbeloftes genoem.

### **IETS INTERESSANT**

Verduidelik aan die kinders die betekenis van die woord *verbond*.

- 'n Verbond is 'n ooreenkoms tussen twee partye of groepe waarin die een die meerdere en die ander die mindere is.
- Die Here, die meerdere, roep Abram, die mindere, uit sy blyplek tussen sy familie en lei hom na 'n nuwe land toe.
- Hy verander Abram se naam ook na Abraham, wat beteken *vader van baie*.
- Abram sou die vader van baie nasies word, daarom noem God hom nou Abraham.

Dra nou verder belangrike hoofpunte van MEER INLIGTING aan die kinders oor.

### **IETS BELANGRIK**

Skerp die volgende weer in :

- God het met Abram 'n verbond gesluit.
- 'n Verbond is 'n ooreenkoms tussen twee mindere en meerdere partye of groepe.
- Dit is die Here, die meerdere, wat Abram, die mindere, roep vanuit sy blyplek tussen sy familie en hom lei na 'n nuwe land toe.
- God belowe aan Abram 'n groot nageslag en 'n land vir sy nageslag om in te woon.
- God belowe vir Abram dat Hy hom en sy nageslag sal seën.
- Die Here verander Abram se naam ook na Abraham, wat beteken *vader van baie*.
- Abraham moes die verbond aanvaar en God alleen aanbid. Ons noem dit die verbondsvoorwaardes.
- Abraham se nageslag het 'n seën gebring vir alle geslagte van die wêreld.
- Hierdie seën was dat Jesus vir ons gebore is uit die nageslag van Abraham.
- So het God se verbond met Abram die nuwe verbond geword.
- As jy glo in Jesus Christus, is jy deel van God se volk, is jou sonde vergewe en ontvang jy die ewige lewe.
- Daarom moet ons met ons hele lewe vir Hom dankie sê.

### **IETS OM TE DOEN**

Die kinders moet –

- kies wat bymekaar pas, en
- die wolkies mooi inkleur.

Lei en help hulle om uiteindelik die regte keuse te maak.

1. 'n Verbond

2. Verbondsbelofte

3. Abraham

4. Verbonds-  
voorwaardes

5. Verbondsteken

6. Jesus se geboorte

7. Doop

C. 'n Ooreenkoms tussen twee partye of groepe waarin die een die meerdere en die ander die mindere is

D. Abram sal 'n groot nageslag hê en 'n land vir sy nageslag om in te woon, en hy sal 'n seën wees vir alle volke

F. Beteken vader van baie (Vader van baie nasies)

A. Abraham moes gehoorsaam wees en God alleen aanbid

G. Abraham en sy nageslag moes besny word (seuns is op 8 dae besny)

B. Uit nageslag van Abraham

E. Uit nageslag van Abraham

## BY DIE HUIS

Laat hulle –

- saam met hulle ouers die antwoorde op die vrae soek en dit leer.
- die vrae en antwoorde gaan leer.

### VOOR ONS AFSLUIT

- Reël met al die ouers om met Les 8 saam te kom klas toe.
- Reël met die dominee om met Les 8 voor klas saam met julle by die doopvont bymekaar te kom en die Doopbediening te verduidelik.
- Onthou om reëlings te tref vir Les 9 se aanbieding. Reël om persone met gestremdhede of 'n inrigting vir persone met gestremdhede te besoek. Jy kan ook so 'n persoon vra om met die kinders oor sy of haar gestremdheid te kom praat.

### AFSLUITING

- Laat hulle weer kyk waarmee hulle wolkie 7 verbind het. Laat hulle daaraan dink en dan in Wie se Naam ons gedoop word wanneer hulle bid.
- Sluit af met Gesang 290: 1 as gebed.

*Dit is my troos dat ek gedoop is,  
dat ek gedoop is in u Naam,  
want deur die doop is ek verseker  
dat U in guns U nooit nie skaam  
as Vader, Seun en Heil'ge Gees  
om ook my God genoem te wees. Amen.*